Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

OB1/2017

18 Januarie 2017

Geagte Ouers/Voog

Soos daar reeds in Nuusbrief 1 van 2017 vermeld is, word elke Villieria ouer, leerder en personeellid van harte welkom geheet. Sterkte vir 2017. Mag ons saam bou aan ‘n skool van omgee en liefde. Kom praat met ons as daar enige onsekerhede is.

WEBWERF (www.laerskoolvillieria.co.za)
Alle ouers word weereens herinner dat ons webwerf tans in volle werking is en ons ouers behoort feitlik alle nodige inligting daarop te bekom. Ons nuwe leerders, veral graad 1 se ouers kan selfs skooltrots aanmoedig en die skoollied tuis aanleer en inoefen.

Neem ook kennis dat die skool gebruik maak van die Communicator wat op “Slim” fone sowel as u rekenaar geïnstalleer kan word. Daaglikse gebeure volgens die kalender asook dringende boodskappe word gewoonlik daardeur gekommunikeer.

Volg die volgende stappe om die “Toep”af te laai.

1. Gaan na Playstore en soek na d6 School Communicator.
2. Kies dit en “install”.
3. Links bo “click” op 3 strepies en dan Select school.
4. U behoort dan toegang tot alle nuusbriewe, kalender, foto’s “Alerts” (dringende boodskappe) ens. te ontvang.

Gaan na www.school-communicator.com/download.php en volg die instruksies vir installasie op u rekenaar

NUUSBRIEWE/OMSENDBRIEWE
U word weereens herinner dat **alle nuus- en omsendbriewe net elektronies gestuur sal word**. Maak seker dat u dit ontvang. Die enkele ouers wat ‘n **harde kopie wil ontvang, moet ‘n kort skrywe aan die voogonderwyser rig.**

SKOOLTYE

Graad R	07:28 tot 13:00
Graad 1 en 2	07:28 tot 13:00
Res van die skool	07:28 tot 13:30

Leerderafwesighede - Neem kennis dat laatkom van leerders asook afwesigheid van leerders die Departement na aan die hart lê. **Afwesige leerders moet by terugkeer ‘n afwesigheidsbrief en/of doktersbrief by haar/sy voogonderwyser inhandig.**

Indien ‘n leerder by geleentheid laat is en die betrokke voogpersoneellid nie deur die ouerhuis gekontak is nie, **word so ‘n leerder afwesig gemerk**. In die Intersenfase wissel die kinders en die voogpersoneellid dra geen kennis dat hy/sy eintlik teenwoordig is. NB. Verwittig die betrokke voog indien ‘n leerder later by ons aansluit.

Laatkom van leerders - Daar word ‘n ernstige beroep op ouers gedoen om te sorg dat leerders betyds by die skool sal wees. Ons het begrip vir enkele gevalle waar verkeer, huishouding en/of voertuie die oorsaak mag wees van laatkom. Ouers moet kennis neem dat herhaalde laatkom kinders emosioneel ontstel en vir hulle ‘n verleentheid is as hulle die klasse binnegaan.

TOESIG VAN LEERDERS
Hoewel die skool soggens om ±06:00 oopgesluit word, word ouers daarop gewys dat personeel eers om 07:15 amptelik by die skool moet wees en betrokke personeel op terreindiens sal wees.

Graad R personeel sal afwisselend sorg dat daar reeds om 06:45 wel ‘n personeellid aan diens sal wees.

Vir enige betaling van onderriggelde, afsprake met die hoof en ander administrasie, kan u met die skoolkantoor tydens kantoorure tussen 07:00 en 14:30, in kontak tree.

GEDRAGSKODE/DRINGENDE KENNISGEWING AAN OUERS
Ons doen ‘n beroep op al ons ouers om agter in die leerder se huiswerkboek te let op die implementering van ons gedragskode. In ‘n omvattende poging om leerders aan te moedig om hard te werk vir sy/haar groen, silwer en goue sertifikate asook die wennerspeld, is daar ‘n bykomende blad ingevoeg waar dringende kennisgewings aan ouers aangeteken sal word. Gaan gereeld die Villiesgids na en teken asseblief by die inskrywings. Om u kind te ondersteun in die strewe na die beloningstruktuur van merietekaarte, gaan gerus ons Dissiplinêre Beleid en Gedragskode voor in die Villiesgids met hom/haar deur.

OOP- EN TOESLUIT VAN SKOOLHEKKE
Maak asseblief seker dat u kennis neem van die tye wanneer die skool se hekke in 30ste Laan, Ben Swartstraat en 29ste Laan en die Kerkhekkie oop- en toegesluit word.

Toesluit van skoolhekke:
Alle hekke word in die oggend om 07:30 gesluit. Die skool kan dan slegs deur die hoofhek in Ben Swartstraat binnegegaan word. Die Graad R leerders word slegs by hulle hekkie in 30ste Laan afgelaai.

Oopsluit van skoolhekke:
In die middae wanneer die Graad 1 en 2 leerders verdaag, word die **Kerkhekkie** deur die GSF personeel om **13:00** oopgesluit en word weer dadelik nadat die leerders uitgegaan het gesluit (ongeveer 5 minute).

Wanneer die Graad 3 tot 7 leerders verdaag word al die hekke om 13:30 deur leiers wat aan diens is, oopgesluit en hulle sluit weer die hekke om 13:45. Die kleinhekkie in 30ste Laan is dan vir die hele middag oop en word deur ‘n volwasse naskoolpersoneellid beman. Dit is ook waar die naskool-leerders uitgeteken word.

VERKEER
Ons het verskeie punte waar u, u kind/ers kan oplaai ná skool in die middae.

- **30ste Laan**, daar is skolierpatrollie aan diens en daar is op hierdie stadium minder verkeer as by die kerkterrein en Ben Swartstraat.
- **Ben Swartstraat**, voor die skool. Daar is ook skolierpatrollie aan diens en ons beveel aan dat die groter kinders daarvan gebruik maak.
- In **29ste Laan** het die Metodiste Kerk goedgunstiglik hul parkeerarea beskikbaar gestel. Daar is nie skolierpatrollie aan diens nie, maar daar is in die oggend en middag ‘n personeellid wat toesig hou. Daar is werklik bitter min beweging by dié betrokke punt. Ons wil ‘n ernstige versoek aan u rig om van die fasiliteit gebruik te maak sodat ons die verkeersdruk op die kerkterrein in 30ste Laan kan verlig.
- **Kerkterrein in 30ste Laan**. Daar is ‘n hekkie tussen die skool en die kerk in 30ste Laan aangebring. U kan dus u kind onder veilige omstandighede in die kerkterrein op- en aflaai.

- **LW. ‘n Eenrigtingverkeerstelsel dien as resep vir sukses. Die hek verste van die skool dien as ingang en die hek naaste aan die skool dien as uitgang. Ouers moet asseblief nie <u>voor die kerkhekkie</u> parkeer nie, aangesien dit die vloei van leerders belemmer**.
  Verdraagsaamheid en geduld word ernstig van elke ouer vereis. Die hoeveelheid leerders wat van dié vergunning gebruik maak, het drasties vermeerder.

  Graad 2 en 3 leerders
  Die motorhek in 30ste Laan wat toegang na die kerkterrein verleen, word soggens **06:30** oopgesluit en word dan om **07:30** toegesluit. Dié hek word dan weer om **12:00** oopgesluit vir die middag afhaalsessie.
  Neem kennis dat alle Gr 1 en 2-leerders om 13:00 by die kerkhekkie opgelaai kan word. Hierdie hek word om sekuriteitsredes dadelik weer gesluit. Stiptelikheid by die bepaalde hekkie word streng toegepas. Indien u nie betyds by die hekkie is nie en dit gesluit vind, hoef u nie bekommerd te wees oor u kind/ers nie. Die leerders word onder toesig van hul klasonderwyser in die wagklas gehou tot 13:30 wanneer die hekke weer oopgesluit word.

Sou u dringend u kind wil oplaai kan u aanmeld by ontvangs (ingang Ben Swartstraat) vanwaar die leerder in die klas geroep sal word om by ontvangs aan te meld.

Naskoolleerders – Kerkhekkie
Geen naskoolleerder mag deur ‘n ouer by die kerkhekkie opgelaai word nie. Die leerder moet eers by die naskool gaan aanmeld indien hy/sy die skool om 13:30 wil verlaat en word dan deur die ouer, by die gebruiklike naskoolhekkie in 30ste Laan uitgeteken. Indien u die leerder voor gewone huistoe gaan tyd wil kom haal, sal die ontvangsdame die naskool laat weet dat u kind nie die middag die naskool sal bywoon nie en kan u die betrokke leerder by die kantoor afhaal.

Geen leerder mag in die twee kerkterreine wag en/of speel nie. Uit probleme van 2016 wil ons ‘n ernstige versoek aan ouers rig. **Indien u ‘n leerder/s in die Grondslagfase het, maar ook in die Intersen Fase, om verkieslik die leerder van die Grondslagfase eerder in die wagklas te los totdat u senior leerder om 13:30 verdaag. Ons buurkerk het ons weereens versoek om saam te werk in dié verband.**

Alle ouers word versoek om te let op hul spoed by die onderskeie oplaaisones. Onthou u kind se veiligheid is so belangrik soos ‘n ander ouer se kind. U goeie samewerking sal opreg waardeer word en help om ons kinders almal veilig te hou.

ONDERRIGGELD
Bedryfskostes van Gr R en die Nasorgsentrum is steeds die verantwoordelikheid van die ouers. GEEN UITSTEL vir laat betaling kan aan enige ouer van graad R of ‘n ouer van die Nasorgsentrum gegee word nie. **Dit funksioneer presies soos enige dagmoeder of kleuterskool.**

Herinner u kind dat geen onderriggeld en of Nasorgsentrumgelde aan ‘n personeellid oorhandig word nie. Alle onderriggelde word by die Finansiële kantoor by mev Cremen betaal.

Wyse van betaling
Aftrekorder
Die skool maak nie van ‘n debietorderstelsel gebruik nie. U is welkom om wel ‘n aftrekorder by u bank te reël indien u steeds maandeliks ‘n direkte betaling wil maak. Maak seker van jou kind se verwysingsnommer.

Internet
Die skool aanvaar ook internetbetalings. Kontak die kantoor vir bankbesonderhede en verwysingsnommer.

Halfjaarliks Binne 7 dae na die aanvang van die eerste en derde kwartaal.

Maandeliks vooruitbetaalbaar
Binne 7 dae na die aanvang van elke maand. Dit behels 10 gelyke paaiemente. Die Januarie paaiement is nou reeds betaalbaar terwyl Februarie se paaiement voor of op die 7de Februarie betaal moet word.

Betalings gedurende bonusmaand en/of halfjaarliks
Ouers wat later die jaar of gedurende ‘n bonusmaand die skoolgeld vereffen,
word versoek om jaarliks ‘n kort skrywe aan mev Cremen te stuur,
sodat u nie verder gedurende die jaar met vervolgingsaksies belas word nie.

Laat betalings
Alle rekeninge wat **90 dae** agterstallig is, sal aan skuldinvorderaars oorhandig word vir invordering en ouers sal verantwoordelik wees vir alle rente en koste hieraan verbonde. **Ouers moet steeds in gedagte hou dat hul met groot vrymoedigheid reëlings met mev Cremen kan tref indien daar 'n korttermynprobleem met die betaling van onderriggelde is. (finansies@laerskoolvillieria.co.za)**

Vrystellings
Aansoeke word streng volgens die voorskrifte soos saamgestel in die REGULASIES I.S. VRYSTELLING VAN OUERS VAN BETALING VAN SKOOLFOOIE 2005, hanteer.

Die volgende kategorieë is van toepassing:

Algehele vrystelling:
'n Persoon kwalifiseer op grond van die formule of in die volgende omstandighede:

- Persoon wat ouerlike verantwoordelikhede aanvaar vir 'n kind in pleegsorg, jeugsorgsentrum, plek van veiligheid of weeshuis.
- Familielid wat 'n weeskind, kind wat deur ouers verwerp is of 'n kind met geen ondersteuning, versorg.
- Persoon wat 'n Staatstoelae vir die kind ontvang.
- 'n Kind wat aan die hoof van 'n huishouding staan.
- Gedeeltelike vrystelling - persoon kwalifiseer op grond van die formule en die aantal skoolgaande kinders.

Voorwaardelike vrystelling:
Vrystelling deur die Beheerliggaam verleen aan die persoon wat slegs vir 'n gedeeltelike vrystelling kwalifiseer, maar wie se omstandighede van so 'n aard is dat selfs die gedeeltelike fooi nie betaal kan word nie. Die Beheerliggaam koppel voorwaardes aan hierdie vrystelling.

Geen vrystelling:
Persoon doen nie aansoek vir vrystelling nie of kwalifiseer nie op enige gronde vir vrystelling nie.

Ouers doen jaarliks aansoek en moet skriftelike bewys lewer van hul omstandighede.
Aansoekvorms is by die skool beskikbaar en ouers moet voor 27 Februarie 2017 aansoek doen.

Aansoeke sal binne 30 dae na ontvangs afgehandel word en ouers sal binne 7 dae na die besluit geneem is, skriftelik in kennis gestel word van die uitslag. Indien daar enige onduidelikheid bestaan, word ouers versoek om met die skool te skakel.

Geen vorms sal per e-pos gestuur word nie. **Geen vorms sal aan leerders oorhandig word nie.**

LW **Geen leerder mag met hierdie inligting belas word nie, hierdie is 'n suiwer oueraan-geleentheid. Enige navrae en/of finansiële reëlings word gerig aan Me Cremen by** finansies@laerskoolvillieria.co.za

Ons versoek u asseblief vriendelik om die **FAMILIEKODE** wat op u maandelikse staat verskyn te gebruik wanneer u elektroniese betalings doen. Indien u enige ander verwysing sou gebruik kan die finansiëlestelsel nie u betaling korrek verwerk nie. U word ook aangemoedig om van ons kaartfasiliteit gebruik te maak wanneer u by die skoolkantoor kom betaal.

AKADEMIE
Baie van ons leerders ontvang splinternuwe handboeke in hulle onderskeie leerareas. Motiveer u seun/dogter om eienaarskap te neem en dit na die beste van sy vermoë op te pas. Beskadigde en verlore handboeke moet ongelukkig deur ons ouers vervang word.

Assesseringstake en huiswerk:
Assessering sal voortaan deurlopend klassikaal verrig word sonder hulp en/of ondersteuning van ouers. Sommige vakke veral Wiskunde, Afrikaans en Engels sal soos altyd deurlopend huiswerk vir leerders gee. Soos die jaar vorder mag leerders per vak addisioneel opdragte vir huiswerk ontvang. Kontroleer gereeld u leerder se Villiegids. Indien u kind ‘n handboek ontvang wat in ‘n minder goeie toestand is, help ons asseblief om dit heel te maak en oor te trek.

Boekkontrole deur ouers:
Die leerders se skrifte/lêers sal in die week soos in Bylae A aangedui, huistoe gestuur word vir kontrole deur die ouers. Prys u kind vir die werk wat hulle gedoen het. Teken die betrokke stempel asseblief.

Toetsdatums: (Gr 4 - 7)
Formele toetse word op die datums geskryf soos in Bylae A uiteengesit. (Sien ook die Villiegids in dié verband). Toetsmateriaal sal 'n week voor die tyd aan leerders voorsien word.

Onderrigmateriaal:
'n Lys van benodigdhede vir die verskillende grade is by die kantoor beskikbaar. Die skool verskaf alle skrifte, lees- en handboeke en selfs enkele ander leermateriaal aan die leerders.

Vir die vakke Lewensvaardighede, Kuns en Kultuur asook Natuurwetenskap en Tegnologie sal die leerders gevra word om materiaal vir sekere modelle te voorsien. Alle skrifte word eenvormig deur die skool vir u oorgetrek, papier sowel as plastiek.

Nasorgsentrum:
Die Villies Nasorgsentrum blyk steeds ‘n wenner te wees. Daar word daagliks 'n verpligte studietyd gehou. Indien 'n leerder se huiswerk afgehandel is, word daar verwag dat hy sal lees, tafels leer of hom met enige ander studiemateriaal besig sal hou.
Indien daar enige probleme of positiewe voorstelle in dié verband is, kan u mnr Grobler (naskoolhoof) skakel. Daar word steeds deur die jaar gepoog om tydens studietye van onderwyspersoneel gebruik te maak. Neem wel kennis dat sukses by selfdissipline begin, dat ‘n naskool nie soos ‘n Aupair sisteem kan funksioneer nie. Kontak egter onmiddellik die naskool indien u opmerk dat huiswerk nie gedoen word nie. Ons volg dit vir u op en u as ouer hou vol om tuis die leerders te motiveer om te werk gedurende studie.

PROVINSIALE EN NASIONALE KLEURE
Laerskool Villieria het oor die jare ‘n tradisie ontwikkel om erkenning te gee aan leerders met besondere prestasies. Leerders wat onlangs (4de kwartaal 2016) provinsiale- asook nasionale kleure verwerf het, mag op Vrydae dié prestigedrag aantrek. Ouers moet asseblief daarop let dat leerders netjies vertoon en nie mag toelaat dat leerders met deelnemersdrag skool toe kom nie. Waak daarteen dat toekennings wat jare gelede gedoen is, steeds op Vrydae gedra word en nie meer resent is nie.

Hierdie leerders moet sorg dat prestasies gedurende die week by mev Otten ingehandig word sodat hul Maandae gelukgewens en vereer kan word vir hul besondere buitemuurse prestasies. Geen medalje, toekenning, sertifikaat, ens. sal aanvaar word sonder die kind se naam en van, sportbeskrywing, medalje/sertifikaat wat netjies in ‘n sakkie verpak is nie.

BROODJIEPROJEK

Ons rig groot dank aan Rinda Oosthuizen wat ons kontakpersoon vir die broodjieprojek vir 2017 is. U kan haar gerus kontak indien u enige navrae het of ‘n bydrae wil lewer rakende dié projek. Haar kontaknommer is 082 379 1254. Dankie vir die opoffering en bereidwilligheid om ook hierdie faset van ons skool voluit aan te durf. Groot dank ook aan die span mammas wat hul kant bring met die sorgvuldige voorbereiding van hierdie pousehappies.

NUWE OUERS

Ons deel graag met u algemene reëlings wat deel is van Laerskool Villieria se werksaamhede waarvan nuwe ouers nie altyd kennis dra nie.

Entrepreneursdae:
Eerste en tweede Woensdae van elke maand. Eerste Woensdag is aangewys vir die Seniors en die tweede Woensdag van die maand vir die Juniors (sien Villiegids). Dit is van die uiterste belang dat ouers nie die verkope self mag hanteer nie, maar die kind toelaat om dit self te doen. Reël gerus met juffrou Yvette van der Walt indien u ‘n snoepieleier-toesig verlang by ‘n skaam of teruggetrokke leerder.

Verjaarsdae:
Indien ‘n leerder verjaar kan hy/sy gewone klere aantrek. Indien dit in ‘n naweek of vakansie val, kan hy dit enige dag voor of na die naweek of vakansie aantrek.

Verlore klere:
Alle verlore klere word op ‘n daaglikse basis by die kantoor in ‘n mandjie geplaas. Elke Maandag sal alle verlore klere op die monumentjie uitgestal word. Ouers wat belangstel om klere uit ons klerebank aan te koop moet asseblief as volg tewerk gaan - Stuur aan me Lee Bruwer by ontvangs ‘n brief, met die naam van u kind, voogklas, kontaknommer asook u bepaalde versoek. Sy sal die leerder laat roep wanneer daar tyd is om die klere aan te pas. Ons het ongelukkig nie ‘n voltydse persoon aan diens by die klerebank nie. **NB MERK ASSEBLIEF U KIND SE KLERE DUIDELIK.**

Ronniedae:
Twee keer per kwartaal kan ouers alle afvalpapier in die oggend na die skool toe bring. Die Ronniehouer is by die klein hekkie in 29ste Laan. Die datums word in Bylaag B aangedui. Wit papier moet asseblief apart geberg word.

Gebedsmammas:
Kontak asseblief vir Ilze Croucamp indien u wil betrokke raak by 082 821 5106 of per e-pos ilzecroucamp@gmail.com

BUITEMUURS

Die skool sal poog om met die beskikbare onderwysers soveel as moontlik leerders by die verskillende aktiwiteite te betrek. Moedig u kinders aan om daarby in te skakel. Aangesien busse baie duur is, vra ons vriendelik dat u steeds met vervoer van die leerders sal help. Ouers wat wel toestemming verleen dat hul leerders saam met maats mag ry, moet hul eie versekering nagaan om die nodige dekking in dié verband te kry.

Laerskool Villieria is een van die skole wat spog met puik ouergedrag langs die sportveld. Mag ons in 2017 voortbou op hierdie ideaal. Ongesonde druk op leerders mag later in die lewe tot groot hartseer lei.

Kultuur:
Ons het weer vanjaar 2 revuegroepe, nl. Junior en Senior. Leerders wat gekies is vir die revue sal teen Dinsdag, 24 Januarie 2016 per brief in kennis gestel word.

Ons begin op 25 Januarie 2017 met die oefeninge. Die Juniorgroep oefen van 13:45 tot 15:00. Die Seniorgroep oefen van 13:45 tot 15:30. Die groepe sal onderskeidelik ‘n beurt kry om in die kerk se saal en in die skoolsaal te oefen. Met groot dank aan die wonderlike samewerking van die NG Kerk in 30ste Laan en meer spesifiek oom Robert Groenewald.

Oefeninge:	Juniors	Maandae - Kerksaal
		Woensdae - Skoolsaal
	Seniors	Maandag - Skoolsaal
		Woensdae - Kerksaal

Eisteddfod oefening sal aangekondig word sodra dit begin. Hou die nuusbrief dop.

Skaak:
Skaakoefeninge begin Maandag,13 Februarie 2017 vir graad 2 tot graad 7 leerlinge. Skaakoefeninge vind op Maandae- en Woensdae middae om 13:30 en 14:30 plaas.

Skaakaand vir entoesiaste vind plaas op Woensdag, 15 Februarie 2017 om 18:00.

Privaat bedrywighede:
Die volgende bedrywighede word deur privaat persone by die skool aangebied. Die kostes en afrigtingstye word met die persone self gereël.

Drama:	Sanet Olivier (083 990 5472)
Pottebakkery:	Corinne Mey (079 494 5162)
	Santie Nortje (083 407 3112)
Akrobaat :	Marinda du Plessis (082 491 7223
Voortrekkers:	Lidia Hendriks (082 564 4840)
Tennis:	Denise Smit (082 331 5566 of 012 332-2133)
Rekenaars	Jannie Vreugenburg (082 440 0744)
Semas Abakus Wiskunde	Christine Badenhorst (084 407 6036)
Wetenskap Xperiland	Thea van Staden (074 476 4813)
Action Ball	Janet Maré (082 576 6725)
Krieketkliniek	Dirk Wessels (082 753 5414)

Bylae A (Belangrike datums 1ste kwartaal); en Bylae B (Toets/Eksamenrooster, skrifkontrole deur ouers en huiswerkopdragte word vir u gerief hierby aangeheg.

Mag u 'n baie voorspoedige en 'n geseënde 2017 beleef.

Vriendelike groete

D P HAASBROEK
HOOF

BYLAE A

1. **TOETSDATUMS**

GRAAD 4 – 7

Afrikaans	23/2
Engels	28/2
NW/Teg (Gr 4 – 6) en NW GR 7	2/3
Wiskunde	7/2
EBW (Gr 7)	9/2
SW	14/2
Tegnologie (Gr 7)	16/2

2. **SKRIFTE – KONTROLE DEUR OUERS – AFBAKENING VAN WERK VIR TOETSE**
Gedurende die week met die onderstaande begindatums:

Afrikaans	13/2
Engels	13/2
NW/Teg	20/2
NW Gr 7	20/2
Wiskunde	27/2
EBW Gr 7	27/2
SW	6/3
Tegnologie Gr 7	6/3

BYLAE B

ANDER BEDLANGRIKE DATUMS

Maandag 16 Januarie	Atletiek: Oefening begin – Middelafstande en Velditems
Dinsdag 17 Januarie	Oefening begin – Baanitems
Woensdag 18 Januarie	Oueraand: **Gr 2 – 3**
Donderdag 19 Januarie	Atletiek: Voorpos (Weg)
Maandag 23 Januarie	Revue oefening begin **Gr 7**: Ouers inligtingsaand oor Gesinsvoorligting-program 18:00
Dinsdag 24 Januarie	Atletiek: (Tuis)
Woensdag 25 Januarie	Oueraand: **Gr 4 18:00**
Donderdag 26 Januarie	Atletiek: Voorpos (Weg)
Vrydag 27 Januarie	Leieropleiding (ALLE Leiers) 13:45 – 14:30 in saal
Dinsdag 31 Januarie	Atletiek: (Tuis)
Woensdag 1 Februarie	Entrepreneurs: Senior
Donderdag 2 Februarie	**Gr 7**-Gesinsvoorligting
Vrydag 3 Februarie	**Gr 7** –Gesinsvoorligting Krieket: Aandreeks-oefening begin
Dinsdag 7 Februarie	Netbal en Rugby: Oefening begin Fotodag: Individueel en atletiek
Woensdag 8 Februarie	Ronnie Entrepreneurs: Junior Verkiesing van nuwe BL: 19:00
Maandag 13 Februarie	Skrifkontrole begin Afbakening: Afr en Eng Skaakoefening begin Bulletjies: Afrigter-en skeidsregter inligtingsvergadering te L/s Queenswood – 18:00
Woensdag 15 Februaire	Bulletjies: Oefening begin Skaakaand vir Entoesiaste – 18:00
Vrydag 17 Februarie	**Gr R-Pretdag**
Maandag 20 Februarie	Handboekkontrole vir die hele week Afbakening: Nw/Teg en NW Gr 7 Mandjie-Netbal Kursus Atletiek: D3 Pilditch
Woensdag 22 Februarie	Netbal: Kursus o/8 en o/9
Maandag 27 Februarie	Afbakening: EBW (Gr 7) en Wiskunde Netbal: Kursus o/12 en o/13
Dinsdsag 28 Februarie	Netbal & Rugby: Rooihuiskraal (Tuis)
Woensdag 1 Maart	Entrepreneurs: Senior Netbal: Proewe o/12 en o/13 Kursus o/10 en o/11

	BL-Vergadering 18:00
Vrydag 3 Maart	Atletiek: Gauteng Kampioenskappe
	Rugby: o/11-Loftusdag
Maandag 6 Maart	Afbakening: SW en Teg
Woensdag 8 Maart	Entrepreneurs: Junior
	Bulletjies: Skeidsregterseksamen te L/s Queenswood 18:00
	Opedag Gr 1 18:00
Donderdag 9 Maart	Netbalproewe: o/12
	Netbal en Rugby: Stephanus Roos
Vrydag 10 Maart	Netbal: Hoërskool Oos-Moot
	Proewe o/13
Saterdag 11 Maart	**Gr R Opedag 09:00**
	Rugby: 1ste-Span dag
Woensdag15 Maart	Netbal: o/12 en o/13 Tshwane porewe
Donderdag 16 Maart	Netbal en Rugby: Die Poort (Tuis)
Donderdag 23 Maart	Atletiek: SA Kampioenskappe te Potchefstroom
	Rugby: Magalieskruin (Weg)
	Netbal: Wonderboom
Vrydag 24 Maart	Atletiek: SA Kampioenskappe te Potchefstroom
Sat 25 Maart	Atletiek: SA Kampioenskappe te Potchefstroom
Donderdag 30 Maart	Sokkie: Gr 5 – 7 (18:30 - 21:00
Vrydag 31 Maart	Skool sluit – Ontvang Merietekaarte en Vorderingsverslae

ENTREPRENEURSDATUMS:

Maak asb seker hoe laat pouses is aangesien pouses op toetsdae van ander gewonde dae kan verskil

Intersenfase:	Grondslagfase
1 Februarie	8 Februarie
1 Maart	8 Maart

Indien dit agv onvoorsiene omstandighede verander sal dit betyds met u gekommunikeer word

RONNIEDAG

8 Februarie
15 Februarie